

# PULA IMVULA

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende produsente

## LEES BINNE:



## Belê in mense om in die toekoms te belê

**DIE PRIMÈRE FOKUS VAN 'N ONTWIKKELINGSPROGRAM MOET WEES OP DIE BEVORDERING VAN MENSELIKE KAPITAAL. SONDER OM 'N AKADEMIESE OF TEGNIESE BESPREKING TE HÊ, MOET ONS DIE KONSEP VAN KAPITAAL VERSTAAN.**

By gewone ekonomiese terme, is kapitaal een van die faktore van produksie. Die ander is grond, arbeid en volgens sommige mense, organisasie, entrepreneurskap, of bestuur. Daar is ook vorme van kapitaal. Kapitaal kan ook gesien word as "voorraad" of 'n "bate" – dit is iets van waarde, of 'n "hulpbron".

Sedert die 1960's het ekonome in toenemende mate gefokus op die breër vorme van kapitaal. Byvoorbeeld, belegging in vaardighede en opvoeding kan beskou word as die opbou van menslike kapitaal of kennis kapitaal en beleggings in intellektuele eiendom kan beskou word as die opbou van intellektuele kapitaal.

Menslike hulpbronne sluit in:

- Individuale kapitaal, wat natuurlik deel van 'n per-

soon is – "aangebore vaardighede" ook genoem "talent", "vindingrykheid", "leierskap", of "opleideerde persone."


- Sosiale kapitaal is die waarde van vertrouensverhoudings tussen individue in 'n ekonomie.
- Geestelike kapitaal, wat verwys na die krag, invloed en gesindhede wat geskep word deur geestelike geloof, kennis en praktyk.

As ons suksesvolle en volhoubare ontwikkeling wil doen, moet ons belê in individuele boere. Ons moet hulle kennis, vaardighede, hulle begrip, hulle passie, hulle entoesiasme ontwikkel en laat groei en sterk en blywende verhoudings met die boere bou.

Boere is mense wat grond, geld, masjinerie, water, paaie, arbeid en insette gebruik om die nasie te voed en te klei. Sonder die boer, sou al die ander vorme van kapitaal ongebruik lê.

Menslike ontwikkeling is betrokke by die verbetering van menslike vermoëns en hoe om dit produktief aan te wend. Opleiding ter wille van opleiding, dien geen doel nie. Mense moet in staat

- 2 > Bestaansboerdery – waar daar 'n wil is, is daar 'n weg
- 5 > Kom ons kies 'n sterke grondslag en bou daarop
- 7 > Samuel Moloi se resep vir sukses



2



4

3

# Bestaansboerdery

## – waar daar ‘n wil is, is daar ‘n weg



### Mme Jane sê...

**D**ie deurlees van hierdie Pula het my so bewus gemaak van die feit dat boerdery gaan oor die mense wat die grond gebruik. Die grond was reeds vir duisende jare daar en ons is bevoorreg dat ons dit kan gebruik. Die enigste rede waarom ons dit steeds kan gebruik, is omdat vorige generasies die grond opgespas het. Ons moet dit ook oppas sodat toekomstige generasies dit ook kan gebruik om kos en vesel te vervaardig.

Ons is baie bevoorreg dat ons hierdie jaar goeie kommoditeitspryse kon behaal. So dikwels werk boere regtig hard en produseer ‘n goeie oes en dan is prys laag. Dit is nie lekker om hard te werk en nijs terug te kry nie. Ek hoop dat julle almal hierdie jaar goeie prys vir julle graan en oliesade sal behaal – ‘n regverdige beloning vir harde werk.

Ons moet aanhou vorentoe kyk – gedurende hierdie tyd is dit gewoonlik redelik stil op die plase en is dit ‘n goeie tyd om na te dink oor volgende jaar. Daar is nuwe geleenthede wat oopgaan in die soja industrie – en soja is ‘n baie goeie gewas om te gebruik in ‘n wisselboustsel met mielies. Miskien moet jy dink aan watter gewasse jy die volgende somerseisoen gaan aanplant sodat jy nou reeds die nodige voorbereiding kan tref – ons nader reeds die winter en die lente gaan vinniger by ons wees as wat ons dink. Maak asseblief nou tyd om deur al jou toerusting, trekkers en masjinerie te gaan. As jy alles nou goed herstel, sal volgende seisoen ‘n plesier wees.

Moet nie vergeet om enige oortollige lewende hawe voor die winter te verkoop nie – ‘n vet dier behaal altyd ‘n hoë pryse. Hou die produktiewe diere sodat jou boerdery kan floreer – boerdery is ‘n besigheid en nie ‘n spaarbank nie!

Ek vertrou dat julle ‘n plan kan maak om die Nampo Oesdag hierdie jaar in Bothaville te kan bezoek. Dit sal plaasvind vanaf 15 - 18 Mei 2012. Dit bied aan jou ‘n goeie geleenthed om jou visie oor die landbou uit te brei. Sien jou daar...



Thamsanqa Hadebe spog met sy mielies.

**ONS DOEL AS PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS IS OM KOMMERSIELLE GRAANBOERE TE ONTWIKKEL WAT KAN BYDRA TOT HUISHOUDELIKE EN NASIONALE VOEDSELESKURITEIT DEUR DIE OPTIMALE GEBRUIK VAN DIE NATUURLIKE HULPBRONNE WAT BESKIKBAAR IS AAN ELKE BOER. DIT KAN BEREIK WORD DEUR DIE SKEP VAN ‘N POSITIEWE VERANDERING IN ‘N PERSOON SE LEWE DEUR MIDDEL VAN STUDIEGROEP VERGADERINGS EN BOEREDAE WAAR WAARDEVOLLE INLIGTING GEDEEL WORD.**

Daar is baie mense wat sê dat hulle boere wil wees, maar ‘n mens kan maar net kyk na die duisende hektaar kommunale grond en herverdelingsgrond wat nie tot volle potentiaal gebruik word nie. Boere moet verantwoordelikheid neem vir hulself en hul eie lot. Een so ‘n bestaansboer is mnr Thamsanqa Hadebe in die Loskop gebied naby Estcourt. Hy was ‘n toegewyde lid van Emangweni Studiegroep vir drie jaar. Hy het drie kursusse suksesvol voltooi. Mnr Hadebe het klein begin op 1,8 hektaar kommunale grond, maar hierdie seisoen het hy besluit om uit te brei deur die aanplant van 9,5 hektaar Roundup Ready mielies. Gedurende die vorige seisoene het hy ‘n probleem met onkruidbeheer en die gebruik van onkruiddoders gehad. Deur die gebruik van sy grondmonster resultate, het

hy geweet watter kunsmis om te gebruik en hoeveel sakke per hektaar. Hy het gebruik gemaak van ‘n vooropkoms en na-opkoms bespuitingsprogram en topbemesting toegeleid met 200 kg LAN per hektaar.

Dit is so fantasties en ionend om die vordering van die produsent wat die basiese dinge reg gedoen het, te sien – grondvoorbereiding, bemesting, korrekte saadkeuse en onkruidbeheer. Baie mense vertel dat hulle nie die korrekte praktekye kan volg nie as gevolg van verskeie redes – sommige sê dat hulle nie ‘n trekker besit nie, sommige blaam meer die koste van saad en kunsmis en ‘n paar blaam meer die regering. Hierdie produsent besit nie ‘n trekker of implemente nie en hy maak gebruik van ‘n kontrakteur.

Mnr. Hadebe is baie positief en dink reeds daaraan om meer grond in die hande te kry om volgende jaar aan te plant of vir homself ‘n trekker en toerusting in die nabye toekoms aan te koop. Volhoubare ontwikkeling moet die fokus insluit watter hulpbronnes beskikbaar is vir ‘n individu en hoe die gebruik van die reeds beskikbare bates verhoog kan word.

**JURIE MENTZ, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE**



## 1 Belê in mense om in die toekoms te belê

wees om die kennis en vaardighede te benut, sodat hulle die kwaliteit van hul eie lewens kan verbeter. Op hierdie stadium, is ons in Suid-Afrika baie bewus van die vele mense wat opleiding ondergaan het (selfs tot op graadvlak by universiteite), maar wat nie werk het nie – hulle is nie in staat om hul kennis te benut nie.

Daar is 'n ou Engelse spreekwoord wat sê, *"Practice makes perfect."* Dit is veral waar by landbou – iemand wat al boerdery probeer het, sal weet dat dit tyd en oefening kos om 'n goeie en volhoubare boer te wees – wat jy leer in die teksboeke is deel van die proses, maar om werklik 'n boer te wees, moet jy self boer (hoe klein jou boerdery ook al is, moet jy die geleentheid hê om jou opleiding goed te kan benut).

**Ontwikkeling is omvattend.** Dit gaan nie net oor die ekonomiese nie. In ons samelewing vandaag, is ons geneig om te dink dat ontwikkeling net betrekking het op geld. Dit is baie ver van die waarheid – om aan mense geld te gee, beteken nie dat hulle besig is om te ontwikkel nie. Net so, gaan die gee van grond, masjinerie, geld en markte aan mense ook nie boere ontwikkel nie – ontwikkeling gaan oor die ontwikkeling van menslike kapitaal. Die boer met weet hoe om al die ander kapitaal te gebruik – ons hoor so baie dat boere nie oor markte beskik nie, maar wanneer jy verdere ondersoek instel, sal jy vind dat daar niks van gehalte is om na die mark te neem nie!

**Die proses begin by jouself** (wat het jy nou en wat doen jy nou?) So dikwels wil ons almal op dieselfde vlak wees en om dieselfde ding op dieselfde manier te doen (gewoonlik omdat ons dink dat ons manier die beste is). Niks word gebou van bo af nie – alles begin op grondvlak. Wat die boer nou doen, is wat hy/sy weet wat om te doen en verstaan – om te bou van daardie punt af vorentoe, sal die boer in staat stel om die "nuwe

praktekte" aan te neem en voortgaan om hulle te gebruik.

**Ontwikkeling is 'n proses van positiewe verandering in 'n mens se lewe.** Ontwikkeling kan 'n persoon nie in 'n slechter posisie laat as wat hy was nie. Ons moet seker wees dat die ontwikkelingsprogram aan die behoeftes en begeertes van die betrokke persoon voldoen en dat enige veranderinge wat teweeg gebring word, positief is.

**Ontwikkeling is 'n stadige en soms pynlike proses.** Ons is altyd haastig! Onthou jy toe jou baba gebore is, wou jy hom/haar sien glimlag, dan sit, dan loop, dan hardloop, dan skooltoe te gaan, ensovoorts. Jy wou die hele tyd die volgende ding vinnig laat gebeur. Die lewe is nie 'n wedloop nie – ons lees so dikwels dat "die lewe is 'n reis en nie 'n bestemming nie". Die ontwikkeling van mense neem tyd, maar dit is die mees waardevolle belegging wat jy kan maak. Om te belê in ander se lewens is eerbaar. Kom ons laat tyd toe vir elke individu om te groei en te ontwikkel. Ons kan nie altyd die ontwikkelingsvordering meet nie, maar dit beteken nie dat ons moet ophou belê nie.

**Ontwikkeling word bereik deur groter selfstandigheid met effektiewe deelname.** Jy kan nie dinge vir mense doen en dan verwag dat hulle ontwikkel nie. Mense moet betrokke wees. Hulle moet eienaarskap neem van die proses en die resultate – hulle moet die middelpunt wees van die proses. Laat mense klein foute maak sodat hulle kan leer uit hul foute. Om mense te beskerm teen mislukking, ontheem hulle die leer van waardevolle lesse.

Kom ons neem die tyd om te belê in die ontwikkeling van mense – as ons nie in mense belê nie, het ons geen toekoms nie.

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN  
DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR BOERE



*Dit is die aksie, nie die vrugte van die aksie nie, wat belangrik is. Jy moet die regte ding doen. Dit kan dalk nie in jou mag wees, of gedurende jou tyd, dat daar vrug sal wees nie. Maar dit beteken nie dat jy moet ophou om die regte ding te doen nie.*

*Jy kan nooit weet wat die gevolge van jou optrede sal wees nie. Maar as jy niks doen nie, sal daar geen resultate wees nie.*

Mahatma Gandhi.

# Klimaatsverandering – dit is ‘n realiteit (deel 2)

**ONS OMGEWING IS BROOS, DIE KLIMAAT VERANDER EN DAAR IS ERNSTIGE AARDVERWARMINGSKWESSIONS WAT ONS AANDAG AAN MOET GEE.**

**DIT IS ‘N REALITEIT EN ONS AS BOERE MOET BEGIN OM DIT ERNSTIG OP TE NEEM. MAAR WAT MOET ONS EN KAN ONS DOEN OP DIE TUISFRONT?**

In die Maart 2012 Pula/Imvula kyk ons na stappe wat ons kan neem ten einde ons plase meer gesik te maak in die hantering van omgewingsverandering soos droogte en watertekorte. Hierdie artikel sal ‘n oorsig gee van ‘n paar basiese benaderings om probleme met wilde diere en uitheemse indringerspesies te hanteer wat kan volg as gevolg van ‘n veranderende klimaat. Baie boere moet alreeds op hul voete dink om peste en uitheemse plantegroei wat dreig om hul gewasse en hul bewerkbare weiding te vernietig, te hanteer. Hoe gouer ons landboubestuurspraktyke, sowel as omgewingsbestuurspraktyke benut, hoe gouer sal ons begin om ‘n positiewe verandering te sien.

## Wilde diere probleme


As gevolg van klimaatsverandering en die gevolglike warmer toestande, sal ons begin om ‘n verhoogde voorkoms van skadelike insekte te sien. Hulle sal skade aan die gewasse aanrig en kan siekte onder ons vee versprei. Dit is iets wat ons geensins wil hê nie...! Daarom moet ons ‘n hersiene benadering tot plaasbestuur hê – een wat wegbeweeg van die ideologie van monokultuur, massaproduksie en maksimum uitset op ‘n klein stukkie grond. Miskien is ‘n benadering wat omgewingsgesondheid en ekonomiese winsgewendheid integreer, ‘n beter opsie. Dit sal lei daartoe om die landbou in die toekoms meer volhoubaar te maak en meer toegerus om die uitdagings van ‘n veranderende klimaat die hoof te bied. As ons nie

wil hê dat peste en wildprobleme ons moet beheer nie, moet ons hierdie geïntegreerde benadering volg, maar hoe? Diversifiseer!

- Plant en kweek ‘n verskeidenheid variëteite op jou plaas met ‘n goeie wisselbou stelsel. Dit geld vir die plante in jou tuin en die gewasse op jou lande.
- Teel ‘n verskeidenheid vee en moet nie wilde diere wat natuurlik voorkom, verwyder nie, tensy hulle ‘n plaag is en ‘n bedreiging vir jou besigheid is.
- Diverse gewasse en lewendehawe verbeter biologiese stabiliteit, wat in ruil waardevolle natuurlike geleenthede bied om jou plaas te verbeter.
- Ontwikkel toegangsareas op jou eiendom. Dit is dele natuurlike of gerehabiliteerde ekosisteme wat nie gebruik word vir verbouing nie. Dit laat inheemse plante en diere toe om ‘n habitat te hê en om vrylik rond te beweeg binne daardie gebied.
- Bevorder die teenwoordigheid van positiewe roofdiere op jou plaas. Byvoorbeeld, die opsig van uitkykposte langs die kant van die land vanwaar roofvoëls soos valke en uile kan jag. Dit sal help om gewasskade as gevolg van ongediertes te verminder.
- Hou pluimvee aan wat vrylik rondbeweeg by jou opstal. Dit sal help om die getal vlieë te beheer en dit help met die beheer van onkruid in die agterplaas en dierenkampe.

Dit is belangrik om te onthou dat wildspesies wat natuurlik voorkom, eintlik voordelig is vir ons. As ons ‘n diverse boerdery bedryf, sal dit ons in werklikheid help met plaagbestuur. Gediversifiseerde plase is gewoonlik meer ekonomiese en ekologies veerkratig. Jy kan nie vir my sê dat dit nie aantreklik klink in vandag se ekonomiese en omgewingsonvoorspelbaarheid nie. Dit is net ‘n paar maniere om te begin om die bal aan die rol van die rigting van diversifikasie.





### Indringer spesies

Met die voorkoms van klimaatsverandering sal ons begin om die veranderinge in die geografiese omvang van baie plantspesies te sien – in sommige gebiede is hierdie verskynsel reeds opgemerk. Indringers sal waarskynlik floreer op sekere gewysigde klimaatstoestande en kan dus 'n bedreiging inhoud vir ons boerdery. Bedreigings soos die verlies aan weiding, brandgevaar, verlies aan natuurlike ekosisteme en veral verontrustend, watersecuriteit. Ons, as bewaarders van die grond, moet bewus wees van hierdie dreigende gevaaar en gerede wees om op te tree wanneer dit voorkom. So dus is dit belangrik om:

- 1. Ingelig te wees.** Weet watter spesies is indringers en wat inheems is. Identifiseer kwesbare gebiede en ekosisteme op jou plaas wat vatbaar is. Weet watter praktyke om te beoefen en wie om te kontak indien daar 'n probleem ontstaan.
  - 2. Monitor.** Met jou kennis van indringers, moet jy jou plaas gereeld monitor vir enige bedreigings. Maak dit deel van jou algemene plaasbestuur sodat dit 'n roetine word.
  - 3. Ontdek en te reageer.** Indien jy 'n toename in indringers waarneem, moet jy vinnig optree. Gebruik die beste, geskikte praktyk om die probleem te hanteer en monitor voortdurend die vordering. Jy moet streef daarna om die probleem in die kiem te smoor, soos hulle sê. As indringers toegelaat word om te vestig, kan dit 'n groot uitdaging wees om later van hulle ontslae te raak, in sommige gevalle feitlik onmoontlik.
- Jy wonder seker watter metodes jy kan gebruik. Die mees algemene en mees effektiewe manier om ontslae te raak van indringers is deur die gebruik van: meganiese metodes, chemiese metodes of 'n kombinasie van die twee. Meganiese metodes behels die fisiese verwydering van plante met die hand, deur dit af te sny en uit te kap. Dit is die mees doeltreffende manier wanneer plante nog in hul saailingstadium is.

Chemiese metodes behels die toediening van onkruiddodende gifstowwe, óf in die vorm van pille of vloeistowwe wat gespuit of geverf word op die plante. Dit is gewoonlik baie effekief as dit korrek toegepas word, maar dit kan ook duur wees, dit is die rede waarom 'n geïntegreerde benadering dikwels verkies word. As gevolg van die koste daaraan verbonde, beveel ek aan dat jy saamwerk met ander boere in jou omgewing wat soortgelyke kwessies het. Julle kan die koste deel en 'n groter arbeidsmag hê. Ek be-veel ook aan dat jy in aanraking kom met die plaaslike regering, omdat die departement van Omgewingsake, Landbou of Waterwese soms besig is met uitwissingsprojekte van indringers en hulle kan jou help teen minimale, indien enige koste, indien hulle besig is in of naby jou omgewing. As jy kies om chemiese metodes van uitwissing te gebruik, sorg asseblief net dat jy ekologies veilige en geregistreerde handelsmerke gebruik.

Onthou altyd dat die natuur en die omgewing leef en asemhaal en wat ons doen daarmee het gevolge. Wanneer plaasbestuur en omgewingsbestuur hand aan hand werk, kan die negatiewe gevolge soos klimaatsverandering tot 'n minimum beperk word. Wees verantwoordelik hoe jy die omgewing op jou plaas hanteer. Dit sal hartseer wees as ons 'n gebroke en vervalle omgewing vir ons kinders nalaat om te hanteer.

GAVIN MATHEWS, BACCALAUREUS OMGEWINGSBESTUUR, UKZN  
FOTO BRON: SUID-AFRIKAANSE DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU 2002/2003 JAARVERSLAG

# Kom ons kies 'n sterke grondslag en bou daarop

OLIVER TAMBO, WAT 'N TOEGEWYDE CHRISTEN WAS, HET OP 'N KEER KOMMENTAAR GELEWER OOR DIE GESKIEDENIS VAN GRONDBESIT IN AFRIKA. DIE INHOUD VAN SY OPMERKING WAS DAT DIE EUROPEËRS DIE BYBEL NA AFRIKA GEBRING HET. GEDURENDE GEBEDSESSIES IS ALMAL TEENWOORDIG GEVRA OM DIE WOORD AAN TE GRYP MET ALBEI HANDE EN HUL OË TE SLUIT. TOE DIE GEBED VERBY WAS, HET DIE EUROPEËRS DIE GROND GEHAD EN DIE AFRIKANE DIE WOORD.

Ons president, mnr Zuma, is onlangs in 'n koerant aangehaal waar hy homself uitgespreek het oor mediese dienste, aftree-orde en ook die impak wat dit gehad het op die kultuur van die Afrika mense wat self vir die bejaarde gesorg het. James Monanganye het een keer gespraaier oor die "Afrika-wysheid" wat ons as Europeërs moeilik vind om te verstaan en wat uiteindelik geleid het tot swak besluitneming deur die regering. Talle gesprekke tussen verskillende groepe het nie oplossings gebied vir baie onopgeloste probleme nie.

As ons ondersoek instel na die voorbeeld wat genoem is en as ons kyk na die grondstryd in Suid-Afrika, lyk dit asof daar 'n gemene deler te wees dwarsdeur die geskiedenis, naamlik etniese gevegte – Europeërs wat 'n stryd voer teen vee plunderaars. Daarna kom die "Boere-oorlog" waar "Brit en Boer" geveg het oor grondkressies in die laat 1890's. Diamante is ontdek en goud en ander minerale begin rykdom skep. Afrika-boere het plase verlaat om te gaan delf vir die rykdom van die grond, wat beter inkomste geleenthede geskep het as dié van bestaansboerdery. Getalle in bevolkingsgroei volg. Nodeloos om te sê dat mediese dienste in aanvraag was as gevolg van die uitbreek van verskillende siektes omdat mense saamgedrom het.

Voedsel moes verbou word op 'n kommersiële skaal om die baie mense kos te gee wat gekom het om op die myne te werk en nywerhede het ontwikkel. Op plase was produksie primitief, maar genoeg kos was beskikbaar teen billike pryse. Arbeid was 'n groot deel van die produksieproses. Oes is meestal gedoen met handearbeid. Met tye was daar was 'n arbeidstekort, maar arbeid uit buurlande het die tekorte aangevul.

Op plase het tegnologie gevorder teen 'n onrusbarende tempo – maar later is minder arbeid tydens die produksieproses gebruik.

Gelukkig kon industriële ontwikkeling die instroming uit buurlande absorbeer. Gedurende hierdie dekades is die beleid oor grondbesit verswak tot by 'n punt waar slegs blankes landbougrond kon besit vir die doel van voedselproduksie, wat op sigself 'n swak fondament was om die toekoms op te bou.

Demokrasie vind plaas in 1994 en dit het baie verwarring rondom grondkressies veroorsaak. Die "fondamente" was nie sterk nie en het dus die grondkressie gekompliceer. Hoe moet die herverdeling van grond na Afrikanse plaasvind wat nie veel meer te bied het as "Afrika-wysheid" nie? Hulle het dekades op plase spandeer deur vir wit boere te werk. Die meerderheid het 'n baksteen of twee in die hand, maar baie min is in staat om te beplan, te bestuur en die bouproses te voltooi weens 'n gebrek aan onderwyssisteme wat nie fokus op die behoeftes om toekomstige boere op te lei nie (jeug).

Die vaardigheidsoordrag op plase was arm en baie beperk. Die terugkeer na uitgediende gewoontes en praktyke sou nie voedselsekerheid en gesondheid verseker nie. Swak denke veroorsaak dat landbou-skole (Mnr

## Kom ons kies 'n sterk grondslag en bou daarop

James Manengyande is 'n Agri onderwyser in Clocolan) en kolleges sluit Kennis was beperk, om nie eers van praktiese vaardighede te praat nie.

Swak omstandighede en verhoudings veroorsaak dat jong Afrikane die landbou as 'n loopbaan vermy. Ons het 'n swak fondament om op te bou.

Die persepsie bestaan dat plaaswerk 'n minderwaardige taak en loopbaan is. Hoekom kom so baie van die huidige landbou-projekte nie aan die gang nie? Daar is verskeie redes wat bydra wat bespreking benodig. Landbou het vier belangrike produksiefaktore, naamlik grond, arbeid, kapitaal en bestuur. Dit is die boustene.

Te veel van hierdie projekte is na boere oorgedra en van hulle verwag om in die arbeidskomponent te voorsien. Ongelukkig is kapitaal en mees belangrik, bestuur, uit die vergelyking gelaat. Ons kan nooit verwag dat 'n passasier wat in 'n vliegtuig gevlieg het, in staat moet wees om die vliegtuig self te vlieg nie, dit is selfmoord. Geen voertuig kan ry sonder brandstof nie, 'n besigheid kan ook nie funksioneer sonder kapitaal en goeie bestuur nie.

Iets wat ons geneig is om te vergeet, is die feit dat die meerderheid opkomende boere eerste generasie produsente is. As 'n afgetrede wit kommersiële boer, ek is die agtste geslag in ons familie wat betrokke is by die landbou in hierdie land. Kennis en vaardighede kan nie toegeskryf word aan genetika nie; wat ek verstaan, is dat die oordrag van kennis van een geslag na 'n ander, groot waarde het. Ek wil raai dat fondamente in die meeste gevalle ook deur middel van hierdie roete versterk is. Natuurlike seleksie het plaasgevind en hardwerkende mense met vaardighede is ontwikkel. Kan hierdie groot generasiegaping gevul word en opgelos word? Die antwoord is nie 'n maklike een nie. Opleiding en oordrag van vaardighede neem 'n dekade of drie.

Die meerderheid instansies soos Graan SA en ander kommoditeitsorganisasies, landboubesighede, die regering se pogings en mees belang-

rik, kommersiële boere, moet betrokke wees by die ondersteuning van ons ontwikkelende boere.

Die skoleprogram van Graan SA kweek 'n groot belangstelling in die landbou. Die beeld van die landbou is op die spel. Ons kan op geen manier die landbou vir politieke gewin gebruik nie. Ontwikkeling en verandering het gekom om te bly. Ons moet geleenthede verbeter, met spesiale verwysing na ons jeug.

Ons fokus moet wees om sterk fondamente te kies en hierop te bou. 'n Meesterplan is belangrik as ons hongersnood wil voorkom. Ons het nog nooit goeie landboubeleid in ons land gehad nie. Die huidige onverdraagsaamheid skep nie goeie vordering nie. Ons moet die verstand en voordele wat kommersiële boere besit, benut en dit oordra na toekomsige boere.

Laaste, maar nie die minste nie, is daar geen plaasvervanger vir harde werk nie. Soms is toestande nie goed nie, maar dan word die slegte verlig deur die mooi van 'n goeie koringoes of 'n nuutgebore kalf. Die instandhouding en afronding van ons werksetiek is uiters belangrik vir transformasie. Vet, lui beeste trek nie die ploeg nie.

Ons moet egter erken dat outydse en uitgediende produksiepraktyke nie sal voldoen daarin om 'n nasie te voed nie. Ons moet ons ontwikkelingsbehoeftes fokus op gesonde, moderne produksiepraktyke.

Ongeag van ons verskillende godsdienste, moet ons leef en glo in 'n verhouding met die Skepper. In moeilike tye en in goeie tye besef ons die daagliks genade wat ons as landbouers ontvang. Neem eienaarskap, glo en laat ons ons kosbare volk voed.

**JAN DE VILLIERS, 'N AFGETREDE BOER**





# Samuel Moloi se resep vir sukses

**SWAARKRY EN OMSTANDIGHEDE LEI DIKWELS TOT GROOT VERWARRING EN LYDING. DIE SOTHO TAAL HET 'N GOEIE BESKRYWING VIR SULKE OMSTANDIGHEDE. "‘N DIER MET VIER BENE STRUIKEL SOMS EN VAL, MENSE HET NET TWEE BENE OM OP TE STAAN." (DIT IS DUS NOG MAKLIKER VIR 'N MENS OM TE VAL). DIE GEHEIM IS EGTER OM IN STAAT TE WEES OM OP TE STAAN EN VOORT TE GAAN MET DIE LEWE, ONGEAG VAN DIE VERLEDE – ONS HET NIE GISTER OF MÔRE NIE, ONS HET NET VANDAG.**

Samuel Moloi is gebore in Fourniesburg waar sy ouers op 'n plaas vir Linde du Plessis gewerk het. Vanaf 'n baie jong ouderdom is Samuel gefassineer deur die landbou, ploeg, plant en oes was sy passie. Hy het nie tyd vir speel gehad nie en was lief om al die produksie sisteme op die plaas dop te hou. Dit was sy fondasie waarop hy sy toekoms gebou het.



Na afloop van sy skoolopleiding het hy vir die staat gewerk vir 'n paar jaar, maar dit baie vervelig gevind. Hy het nooit opgegee om sy passie uit te leef nie. Die probleem wat hy in die gesig gestaan het, was net om te begin. Terwyl hy geluister het na Radio Lesedi, het hy 'n praatjie deur Jane McPherson van Graan SA gehoor, waar sy inligting oor kursusse en studiegroepe wat deur Graan SA aangebied word, deurgegee het. Samuel se gebed is beantwoord.

David Exley, 'n jong boer van Fourniesburg, het gehoor van sy lot. Hy het gou kontak met Samuel gemaak en hom 30 hektaar bewerkbare grond aangebied, sy trekkers en implemente gratis. Samuel het 30 hektaar witmielies geplant en die opbrengs was meer as 5 ton/ha. "Ek was so dankbaar vir hierdie geleentheid", sê Samuel. Dit was die begin van groter dinge om te volg.

Samuel was bevoordeel om hoë potensiaal grond te huur van die plaaslike munisipaliteit en weer het David hom gehelp en het hy 30 hektaar koring geplant met 'n goeie opbrengs. OVK het boere finansieel bygestaan om mielies te plant. Johan Kriel van Graan SA het hom ook gehelp. Samuel het 'n uitstekende oes gehad en sy entoesiasme het geen perke geken nie. Hy huur nog 320 hektaar van 'n groep opkomende boere wat net belangstel in die weidings. "Landbou hou mens nederig," sê hy.

Die sonneblomoes was swak en die mielie-oes was 'n fiasco as gevolg van swak pryse. Dit is wat 'n mens taai maak. 'n Koringoes het hom gered en die besigheid kon voortgaan. Pryse vir kommoditeite was nie goed nie en begrotings het aangedui dat hy uiters versigtig in sy besluite en beplanning moes wees. Die situasie het gou ingewikkeld geraak.

Geen-bewerkingspraktyke op koring was suksesvol gedurende die vorige seisoen. Lenings is laat goedgekeur en hierdie praktyk was 'n goeie opsie. Reën het laat gedurende die lente gekom en saadontkieming was swak en daarom is geen versekering goedgekeur nie. Die Boer van die Jaar was verwoes. "Ek was alleen en geselskap en mense het my baie geirriteer. Ek kon nie eens die telefoon antwoord nie. Ek was soos Job letterlik in die as."

Om Boer van die Jaar te wees, het hom baie trots en in sommige opsigte nederig gemaak. Om Kaapstad toe te vlieg en Me Tina Joemat-Pettersson (Minister van Landbou) en Minister W. Nkwiti (Minister van Grondsake) te ontmoet, was oorweldigend. Die gesprekke was vrugbaar en het dit gelyk asof die regering notisie geneem het en die saad wat geplant is, ontkiem. Opkomende boere benodig mentorskap

# PULA IMVULA

**Die publikasie word moontlik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.**

## GRAAN SA

Posbus 88, Bothaville, 9660  
► (056) 515-2145 ◀  
www.grainsa.co.za

## PROGRAMBESTUURDER

**Jane McPherson**  
► 082 854 7171 ◀

## BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING

**Willie Kotzé**  
► 082 535 5250 ◀

## SPESIALIS: VELDDIENSTE

**Danie van den Berg**  
► 071 675 5497 ◀

## VERSPREIDING: PULA-IMVULA

**Debbie Boshoff**  
► (056) 515-0947 ◀

## PROVINSIALE KOÖRDINEERDERS

### Daan Bosman

Mpumalanga (Bronkhorstspruit)  
► 082 579 1124 ◀

### Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)  
► 079 497 4294 ◀

### Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)  
► 084 604 0549 ◀

### Lawrence Luthango

Oos-Kaap (Mthatha)  
► 083 389 7308 ◀

### Jurie Mentz

KwaZulu-Natal en Mpumalanga  
► 082 354 5749 ◀

### Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)  
► 078 791 1004 ◀

### Naas Gouws

Mpumalanga (Belfast)  
► 072 726 7219 ◀

## ONTWERP, UITLEG EN DRUK

### Infoworks

► (018) 468-2716 ◀  
www.infoworks.biz



**PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:**

**Afrikaans,**  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

**Ons poog om die beste moontlike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.**

## Samuel Moloi se resep vir sukses

en kapitaal. Hulle het nog hulp nodig met hul boerderypraktyke.

Samuel is seker dat hy binne 'n dekade of twee in staat sal wees en bevoeg sal wees om te kompeteer met sy kommersiële bure. Hy is besig om te leer en so ook die regering. Landbou is 'n multidimensionele en ingewikkeld wetenskap.

Ten spye van passie, sukses en mislukkings is Samuel se naam nie op 'n enkele hektaar grond nie. Die ambisie en uitdaging om 'n plaas te besit, is groot. Tans kan hy geen langtermyn beplanning doen nie. Grond is baie duur om te koop en sonder genoegsame kapitaal, sal dit lei tot meer skuld. Markverwante pryse en produksiewaarde waarborg nie die risiko nie. Om die lotto te wen, kan help om 'n deposito te betaal. Dit lyk asof die regering traag is om die belangrikheid van volhoubare voedselproduksie te verstaan. Bystand aan die landbou in tye van nood, is belangrik. Boere is prysnemers en nie prysmakers is. Kommersiële boere ken die probleme van arbeidsbestuur. Hierdie area van die besigheid sal boere binnekort uitdaag om beter bestuurders van hul menslike hulpbronne te wees.

"Die belasting-man (SAID) klop aan ons deure. Baie prosedures is ingewikkeld en professionele hulp is 'n onvermydelike koste. My finansiële state is by 'n geloofwaardige maatskappy in Bethlehem. Ten minste kan ek in die nag slaapoor hierdie kwessie. Dit is 'n droom om my eie trop beeste te besit. Hartseer om te sê, maar diefstal en misdaad op ons grense vertraag hierdie besluit. Hopelik gaan dit nie 'n droom bly nie", sê Samuel.

Vervoer het vir boere 'n nagmerrie geword as gevolg van swak paaie. Markte is moeilik om te bereik en die instandhoudingsrekening word daagliks groter. Omdat hy 'n geregistreerde werkswinkel het, doen Samuel die meeste van sy eie onderhoud. Dit is ook 'n goeie sekondêre onderneming wat die plaas komplimenteer.

"Ek sal nie graag wil sien dat grond aan onkundige en ongeskoolde mense gegee moet word nie. 'n Groep bekwame mense moet be-magtig word om goeie en genoeg kos te produseer. Te veel boere mors grond en kosbare tyd. Ons as landbouers moet 'n gemeenskap-like doel hê. Ons probleme en aspirasies is nie anders nie, hetsy ons swart of wit is. Vir te lank het politiek en politici die landbou gebruik as speelbal vir eie gewin. Ons het nie ander vakbonde nodig om as boere te oorleef nie. Verdeling van ons bedingsmag doen meer skade as goed. Ons kan nie ons pragtige land en die toekoms van ons nasie besoedel nie."

Samuel is baie dankbaar teenoor almal wat hom bygestaan het in goeie of slechte tye. Hy wil graag diegene bedank wat bereid was om hom te help, te midde van die wete dat hy nijs gehad het om aan te bied nie. Hy is baie positief oor die landbou in Suid-Afrika en besef dat hy 'n verantwoordelikheid het om die nasie te voed.

"Ek droom daarvan om my eie grond te besit. Ek wil graag sien dat my twee seuns so trots op hulle pa sal wees, dat hulle tweede generasie boere sal wees."



**JAN DE VILLIERS, 'N AFGETREDE BOER**

## Op die radio

**Moet nie hierdie interessante programme oor die radio misloop wat sake van belang vir ontwikkelende produsente dek nie.**



Radio	Weeksdag	Aangebied deur	Tyd
Zululand FM	Saterdag	Jurie Mentz	06:10
Ligwalagwala FM	Donderdag	Jerry Mthombothi	05:10
Umhlobo Wenene FM	Dinsdag	Lawrence Luthango	04:30
Alfred Nzo FM	Maandag	Ian Househam	19:00 - 20:00